BURGER (Oos Kaap)
Monday, 17 May 2010, p. 7

Windplaas eerste in sy soort

Die Baai se eerste groot baken van "groen" energie kan nou op 'n koppie by die Coega-nywerheidsontwikkelingsone gesien word. Verlede Donderdag het 'n Baaise bielie-wind verhoed dat die laaste dele, waaronder die laaste silinder (wat 'n ton weeg) en die groot lemme van die eerste van 25 windturbines in die Coega-windplaas in plek kon kom. Dié windplaas is die eerste kommersiële een in sy soort en is moontlik gemaak deur 'n belegging van R1,2 miljard deur Electrawinds, 'n Belgiese maatskappy. Eskom het reeds laat weet dat hy daarna uitsien om Port Elizabeth se "groen" energie op sy netwerk te laai.

Foto: WERNER HILLS



Vir die gewone mens sal dit 'n nagmerrie wees om aan die hoof van 'n projek te staan wat loodswaar silinders en turbine-lemme die lug in moet optrek, maar vir mnr. Dane Zijlstra is dit pure kuns met die pragtigste lyne – dié dat hy sy kamera byderhand hou. Foto: DANE ZIJLSTRA



Op die ouderdom van net 22 is mnr. Dane Zijlstra die projekbestuurder wat namens Vanguard – wat in vennootskap met Electrawinds vir die oprigting van die reuse-turbines verantwoordelik is – sorg dat sake reg verloop. Hoewel hy in die skone kunste gekwalifiseerd is, is dié soort projekte sy passie. "Kyk net daar," sê hy en wys na die reus, afgeëts teen die blou lug. "Is dit nie pragtig nie? Kyk daai lyne!"

Foto: BEVERLEY DARLOW